[7] Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms: Psalm 6

Psalm 6: By die Here is vreugde en veiligheid.

[1] Vir die musiekleier; met fluite. ’n Psalm van Dawid.

[2] O Here, luister na my woorde, let op my versugting. [3] Gee ag op die stem van my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek. [4] In die môre, Here, sal U my stem hoor; in die môre sal ek dit aan U voorlê en afwag.
[5] Want U is nie 'n God wat behae het in goddeloosheid nie; die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie. [6] Die onsinniges sal voor u oë nie standhou nie; U haat al die werkers van ongeregtigheid. [7] U sal die leuensprekers laat omkom; van die man van bloed en bedrog het die Here 'n afsku. [8] Maar ek, deur die grootheid van u goedertierenheid mag ek in u huis ingaan, my buig na u heilige tempel, in u vrees. [9] Here, lei my in u geregtigheid om my vyande ontwil; maak u weg voor my reg.
[10] Want in hulle mond is niks betroubaars nie; hulle binneste bring onheil; hulle keel is 'n oop graf; hulle maak hul tong glad. [11] Verklaar hulle skuldig, o God! Laat hulle val deur hul planne; dryf hulle weg oor die menigte van hul oortredinge, want hulle is wederstrewig teen U. [12] Maar laat húlle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet. [13] Want U seën die regverdige, o Here, U omring hom met welbehae soos met 'n skild.

Psalm 5 word soms beskryf as ’n gebed vir iemand wat valslik van ’n misdryf beskuldig is. Die redakteurs van die Psalms het waarskynlik egter eerder bedoel dat ons dit moet lees as ’n gebed van Dawid terwyl hy nog vir Absalom gevlug het. Dié koning tree dan as profeet op en verkondig dat die Here sy vyande sal oordeel. Verder verklaar hy sy vertroue in die Here as sy Beskermer. Op hierdie manier het die psalm die arrogante tydgenote van die redakteurs gewaarsku oor hulle optrede, veral hulle verdrukking van hulle volksgenote, maar ook ’n boodskap van hoop gebied aan die gelowiges wat deur hierdie mense uitgebuit is.

1. Die oorheersende tema van Ps 5 is die kontras tussen die optrede van kwaaddoeners, wat hulle vir die Here onaanvaarbaar maak, en die genade wat die Here aan die regverdiges bewys. Die psalm lê ook klem op die voorregte en beskerming wat diegene wat by die Here skuiling soek, sal geniet. Van watter verkeerde ingesteldheid en optrede beskuldig die psalmdigter die goddelose mense? Vgl. 5:5, 6, 7, 10 en 11. Wat beteken dit dat die goddelose se “keel” ’n oop graf is en dat hulle “tong glad” is?

2. Watter rol speel die Here se heiligheid en regverdigheid in die veroordeling van die goddelose mense? Kyk veral na 5:5 en 6.

3. Deur die vyande van allerhande oortredings te beskuldig, impliseer die digter seker dat hy nie sulke dinge doen nie. En tog beroep hy hom nie op sy eie onskuld nie, maar op iets anders. Wat is dit? Kyk na 5:8.

4. Watter drie woorde in vers 12 beskryf die vreugde van gelowiges wat die voorreg het om in die teenwoordigheid van die Here te vertoef? Hoe sluit dit by Ps 1:2 aan?

5. Op watter maniere vind Ps 1 en Ps 2 weerklank in Ps 5? Vergelyk 1:1 met 5:5; 1:6 met 5:7 en 9; 2:12 met 5:12.

6. Som die betekenis van Psalm 5 vir jou as gelowige in ’n paar woorde op: